Tema: Moenie dat vrees jou lewe beheers nie, tree met geloof in God en vaste vertroue in die toekoms op.

Vooraf sang
Ps. 93-1: 1, 2, 4 (Mel Lied 582)
Ps. 48-1: 1, 5

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 125-2: 1, 3, 4 (Mel Sb. 18-6)
Votum
Groetseën
Loflied: Ps. 98-1: 1, 2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Eksodus 1: 1 - 2: 10
Handelinge 7: 17 - 22
Hebreërs 11: 23
Teks: Eksodus 2: 1 - 4
Woordbediening

Antwoorddiens
Sing Ps. 46-1: 1, 4, 6
Liefdegawe
Losmaking van Oudl Riaan Andersen en diaken Johan Janse van Ryssen
Reaksie van / toepassing deur gemeente
Gebed vir BnB – Evangelisering onder die Islam
Sing Sb. 14-2: 1
Seën
Amenlied Sb. 13-3.

Geliefde brs. en srs. en liewe kinders

So twee weke gelede vra ek die graad 9 katkisasiekinders uit oor hulle siening van die toekoms. Hulle reaksie het my geskok: soos een man antwoord hulle dat hulle nie hoop het vir hulle toekoms in die land nie! Hulle kan nie sien hoe hulle werk gaan kry en hoe hulle ’n toekoms het nie!

My gesprekke met huisbesoek die afgelope tyd het dieselfde tendens onder volwassenes getoon. ’n Totale negatiwiteit oor die situasie in die land en bykans geen hoop vir die toekoms nie. Behalwe dat daar by sommige hierdie apatiese toekomslose uitkyk is wat maak dat mense maar net van dag tot dag voortsleep in hulle bestaan, het vrees ook baie mense se lewens begin beheers!

Ons is bang vir geweld, bang vir misdaad, bang vir ’n lewe sonder toekoms, ja, ons bang vir alles. Bang dat ons kinders nie goeie werk sal kry nie, bang dat daar nie ’n toekoms in die land is nie! Met die opleef van rassisme die afgelope tyd, hoor jy ook telkens dat mense bang is vir rassegeweld en haat!

Die vraag is dus: br. en sr. en kinders: is daar dan nog by ons ’n vaste geloof in en vertroue op God? As vrees ons lewe begin beheers dan beteken dit tog dat ons ons vertroue in God verloor het? As ons vreesgedrewe begin lewe, dan beteken dit tog dat ons nie meer in God glo nie. In plaas daarvan dat geloof in en vertroue op God ons daaglikse denke en dade rig, word dit deur vrees oorheers en gerig! En waar daar vrees is, is daar geen hoop en geen toekoms nie!

Daarom geliefdes, sê die Here vanaand vir jou en my: Moenie dat vrees jou lewe beheers nie, tree met geloof in God en ’n vaste vertroue in die toekoms op!

Kyk ’n mens na die situasie waarin die gelowiges in Egipte verkeer het, sien mens baie ooreenkomste met ons situasie van vandag. So met lees van Eksodus 1 lees jy van xenofobie, van rassehaat en rassisme, jy lees dat vrees gebruik word om mense se lewens te beheer! Jy lees van skrikwekkende geweld en misdaad waar ’n doelgerigte uitwissingspoging op die gelowiges gerig word. Jy lees van arbeidsonreg en uitbuiting!

Ja, brs. en srs., daar was vir die Israeliete in Egipte menslike gesproke geen toekoms nie. Ons lees in hf 1 : 14 dat die Egiptenaars die lewe vir die Israeliete baie swaar gemaak het!

Die Farao het 3 planne in werking gestel om die Israeliete uit te wis. Sy eerste plan was om die Israelitiese mans met fisiese slawe-arbeid op hulle knieë te dwing! En hoe swaarder hy die lewe vir die Israeliete gemaak het, hoe meer het die Here hulle geseën met kinders! Sy tweede plan was om die Israelitiese vroedvroue opdrag te gee met geboorte al die seuntjies dood te maak. (kinders: vroedvrou is ’n iemand

soos ŉ verpleegster wat die mammas kom help met geboorte) Hierdie gelowige vroue was egter meer gehoorsaam aan die Here en daarom seën die Here hulle en die volk – nog meer kinders word gebore! En uiteindelik gee hy al die Egiptenare opdrag en mag om die babaseuntjies van die Israeliete in die Nylrivier te gooi. En steeds seën die Here die Israeliete met meer en meer kinders!

Geliefdes, ŉ mens kan jou voorstel wat die gesprekke tussen die gelowiges was! Hoe gaan ons hier uitkom! Wie gaan ons help! Daar is vir ons geen toekoms nie! Ons kan nie waag om kinders te hê nie want die Egiptenaars maak al die seuntjies dood! Ons volk word met geweld verdruk, ekonomies uitgebuit en daar is menslikerwys geen toekoms nie! Ons lees later met Moses se roeping dat die Here self vertel hoe swaar hierdie tyd vir die volk was as die Here sê: “Ek het die ellende van my volk duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor.” Die volk het swaar gekry en nie hoop gehad nie!

En tog....een gesin tree sonder vrees op! Amram en Jogebed, albei uit die stam van Levi – Moses se ouers! Hulle was nie bang vir die Farao en sy planne nie! Hulle het in God geglo en met vertroue in die toekoms opgetree! Jogebed word swanger en Moses word gebore en die ouerpaar sien iets besonders in die toekoms van hierdie kind. Die feit dat daar staan dat Moses “mooi was” en dat beide Stefanus in sy preek en die Hebreerskrywer hierdie feit aanhaal as die rede waarom hulle hom weggesteek het, sê dat daar iets meer in is as net fisiese mooiheid. Gaan kyk ŉ mens na die salwing van Saul en Dawid dan word in beide met hulle aanwysing as konings, verwys na die feit dat hulle besonder “mooi” was. Die “mooi wees” was ŉ Hebreeuse uitdrukking om te verwys na ŉ Goddelike roeping!

Dit gaan dus oor die roeping wat God op mense lê! Amram en Jogebed het geweet dat God elke mens in sy raadsplan gebruik en daarom is dit die moeite werd om hulle eie lewe in gevaar te stel sodat Moses gered kan word. Hulle gaan sit ook nie in sak en as nie, maar maak in die geloof planne om Moses se lewe te red. Hulle het presies geweet wanneer die prinses kom bad in die Nyl en alles haarfyn beplan sodat Moses se lewe gered kan word!

So ook elkeen van ons! Die Here gebruik elkeen van ons in sy raadsplan om ŉ verskil te maak in die wêreld waar die Here ons roep! Ons moet weet dat elkeen van ons “mooi” is in die oë van die Here, dat Hy vir elkeen van ons ŉ goddelike roeping en taak het wat ons in geloof moet vervul!

Maar brs. en srs. hierdie optree in geloof en vertroue in die toekoms vra ook geweldige offers! Twee keer moes hierdie ouerpaar vir Moses “weggee”. Die eerste keer daar in die mandjie op die water waar die prinses hom moes vind! Hulle moes hom weggee sodat hy gered kan word.
ŉ Vraag aan ouers: sou jy dit kon doen? Wat sou deur daardie ouers se harte gaan om Moses daar in die skippie te los en te kyk wat gebeur?

Die tweede weggee was toe hy ongeveer op 5 jarige ouderdom moes teruggaan na die paleis om as die prinses se seun te gaan leef! ’n Tweede keer moes die ouerpaar in geloof en vertroue op God hulle kind weggee. Want hulle het geweet dat wat Christus ons eeue later sou leer , die waarheid is. Naamlik dat jy eers jou lewe in geloof aan God moet afgee voordat jy dit waarlik terugvind! Jy moet dus eers vir God lewe, jou koninkryksroeping uitleef en dan sal God jou seën.

En wat gebeur? God gebruik hierdie enkele gelowige ouerpaar en hulle geloof in God en hulle vertroue in die toekoms, om weliswaar sy volk 80 jaar later te kom red en hulle uit Egipte te lei!

Brs. en srs., dink julle Amram en Jogebed het dit geweet daardie dag toe hulle vir Moses in die mandjie gesit het? Nee, maar hulle het geglo en geweet dat God sou sorg! Hulle het absolute vertroue in God gehad dat Hy die uitkoms sou bewerk.

Hierdie weggee geloof van Amram en Jogebed is ook die Christusprediking van hierdie teks! God moes ook vir Christus weggee. Hy moes sy eie Seun aan die dood weggee sodat deur die kruisdood Christus ons kon verlos! En brs. en srs., omdat God dit gedoen het, kan ons in Hom glo en vertrou dat daar vir ons ’n toekoms is!

Want ons leer immers in Rom. 8: 15 – 17 dat die Heilige Gees wat God aan ons gegee het, is nie ’n gees om weer te vrees nie, maar om as kinders van God te lewe en te roep: Abba, - dit is Vader! Ons kan dus met die vaste vertroue in God leef dat Hy ook vandag vir ons in ons situasie, uitkoms sal bewerk en dat daar vir ons en ons kinders ook ’n toekoms is!

Want wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

1. Ons leer dat God in beheer bly! Alhoewel die Farao planne maak om die volk uit te wis, is dit God wat sorg dat die Israeliete geseën word met kinders! Ons moet dus nie vrees nie – God regeer!
2. Ons leer dat God bewus is van ons nood! As hy die Israeliete se ellende gesien het en hulle gebede gehoor het, dan doen Hy moes vandag dieselfde! Daarom moet ons onophoudelik bly bid!
3. Ons leer ook dat God sulke tye van beproewing oor sy volk bring, juis ook om hulle geloof en vertroue te toets! Die vraag is of ons die toets deurstaan?
4. Ons leer dat God aan gelowiges geloof en vertroue gee waarmee hulle kragdadig kan optree, al lyk alles hoe hopeloos!
5. Ons leer dat God die uitkoms bewerk op grond van geloof en vertroue in Hom. Dat ons nie moedeloos moet word of hoop moet verloor nie! Maar dat ons in die geloof moet optree!
6. Ons leer ook dat ons ons lewe in geloof moet weggee! Dit moet nie in die eerste plek gaan om ons eie voordeel of geluk nie, maar om in gehoorsaamheid aan en met vertroue in God te leef! Soos Amram en

Jogebed moet ons ook leer om ons lewe in diens van God te gee met die wete dat God sal voorsien.

Daarom broers en susters, kom ons bekeer ons van ons sondige vrees en twyfel en kleingeloof en ons gryp weer met vaste geloof vas aan God en tree met vertroue in die toekoms op!

Kom ons leer ons kinders dat daar ŉ toekoms is, omdat God daar is en omdat ons in geloof in Hom en met vertroue in die toekoms wat Hy skep kan optree!

En as dit lyk asof daar menslikerwys geen uitkoms is nie? Dan leef en werk ons gelowige en vertrouend wat ons weet daar is ŉ toekoms in God.

Amen